Bou aan jou wêreld

# Sameswering



## ‘conspiracy theories’ en jou waarheid

Samesweringsteorie kan gedefinieer word as ‘n voorgestelde komplot, wat in die geheim uitgevoer word, gewoonlik deur ‘n magtige groep mense wat een of ander bose doel het.  ‘Hulle’ wil iets verkry deur wat hulle doen en dit dra gewoonlik nie die groter mensdom se belange nie.  Nou, dis nie altyd maklik om ’n samesweringsteorie raak te sien nie, as jy genoeg waarheid met die valsheid meng, dan kan enige een van ons daarvoor val.

*Wat kan die Bybel ons leer oor die waarheid en oor hoe om te bou aan jou wêreld?*

## Sameswering ondermyn ons vertroue in die Here

Ons lees in Jesaja 8:11-13 oor ’n sameswering. In vers 12 staan daar die volgende:

> *Julle moenie alles 'n sameswering noem wat hierdie volk 'n sameswering noem nie.* — **Jesaja 8:12**

In Jesaja 8 gaan dit oor ŉ alliansie wat die konings van Assirië en Samaria gesluit het om teen Jerusalem oorlog te maak.  Die populêre mening was dat die alliansie (sameswering) so ŉ groot bedreiging vir Jerusalem inhou dat Jerusalem eerder moet aansluit by die alliansie of ŉ nuwe alliansie moet aangaan.  Die minderheid, onder wie die profeet was, was van mening dat

Jerusalem eerder op die Here moet vertrou vir uitkoms as om op alliansies met ander lande te vertrou.

- ❑ Het jy ook al ondervind dat die populêre mening dikwels voorstanders is van sameweringsteorieë?
- ❑ Teenoor die voorstanders van die sameweringsteorieë staan die eensame profeet, Jesaja. Dikwels is dit die geval. As dit met jou gebeur, hoe reageer jy?

Meestal neem die voorstanders van sameweringsteorieë as vertrekpunt dat daar 'n groep mense is (agter die skerms wat nie geïdentifiseer kan word nie) wat oor baie mag beskik om gebeure te beheer en manipuleer. Jesaja 8:11 begin met die Here se 'groot mag' en eindig in vers 13 met die 'Here die Almagtige'. Of mens met sameweringsteorieë saamstem of nie het alles te doen met wie jy dink oor die mag beskik.

- ❑ Te midde van die baie sameweringsteorieë deesdae – wat is jou oortuiging en getuienis oor die Here se mag?

Een ding wat sameweringsteorieë goed regkry, is om bang te maak. Dit is ook so in Jesaja 8:12:

> *Julle moenie bang wees en skrik vir die dinge waarvoor hulle bang is nie.* — **Jesaja 8:12**

- ❑ Gelowiges is mense wat nie deur vrese op hol gejaag word nie. Waarom is dit dikwels gelowiges is wat sameweringsteorieë versprei?

> *Julle moet die Here die Almagtige eer as die Heilige. Vir Hom moet julle vrees en vir Hóm moet julle bang wees.* — **Jesaja 8:12**

- ❑ Wat beteken dit vir ons om 'die Here die Almagtige eer as die Heilige' en 'vir Hom moet julle vrees en vir Hóm moet julle bang wees'?

Reeds in Jesaja 7:4 het Jesaja vir die koning van Jerusalem gesê:

> *Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! Moet jou nie ontstel oor hierdie twee stukke brandhout nie, hulle rook net.  Moenie bang wees vir die dreigemente van Resin (koning van Assirië) en sy Arameërs en van Peka (koning van Samaria) seun van Remalja nie.* — **Jesaja 8:12**

Die twee stukke brandhout is Assirië en Samaria.  Resin is koning van Assirië en Peka is koning van Samaria.

Onnodig om te sê: die koning van Jerusalem het nie na Jesaja geluister nie. Ook tot ons kom die Woord van die Here: Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! Moet jou nie ontstel nie.

- ❑ Ons leef in onseker en vreemde tye.  Om ontsteld en bang te wees is amper ‘normaal’.  Om te bedaar en kalm te wees neem doelgerigte denke en optrede.  Wat doen jy om bedaard en kalm te bly ten midde van die vreemde tye?

# Moet jy daardie boodskap “forward”?

Wanneer iemand ‘n video/*voicenote*/foto vir jou aanstuur en daar is ’n Bybelvers op, of iemand doen dit ‘in die naam van die Here’, stuur jy daardie boodskap blindelings aan?  Dit gaan dan oor God?  Ek kan dit mos vertrou…

Dis nie hoe dit werk nie.  Jy kan God vertrou.  Dis nie dieselfde as om mense te vertrou wat doen wat hulle wil doen, in Sy naam nie.  As gelowiges is ons oop vir die moontlikheid dat die boodskap wat ons gekry het dalk vals is.  As verantwoordelike Christene

1. soek ons eers vir bewyse om te sien of dit ‘n geldige bron is en deur ander bronne ondersteun word;

2. ons kyk of dit samehangend is (dit beteken nie om te kyk of ons hou van wat ons hoor nie - dis nie die beste maatstaf nie); en

3. ons hou vas aan God.  Ons vertrou op God om ons te lei.  Geloof, ‘n verhouding met God, help ons om skepties te wees daar waar ons bewyse kry van doene en late wat nie versoenbaar is met die ideale van ons geloof nie.

In Johannes 16:13 praat Jesus oor die Heilige Gees en sê die volgende:

> Wanneer Hy ook al kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle begelei in die volle waarheid.  — **Johannes 16:13**

Die Bybel is die verhaal van God se liefde — sy vergifnis, sorg en omgee vir hierdie wêreld.  So, die waarheid van God sal altyd getuig van God se liefde.

# Bou aan jou wêreld!

Dit wat jy hoor of lees of kyk, dra dit by tot God se skeppingswerk?  Vul dit die kriteria van sy liefde en trou en sorg?  Daardie boodskap wat jy wil aanstuur, daardie epos wat jy wil skryf, daardie snaakse clip op YouTube van een of ander profeet… dra dit by tot God se groot liefdesverhaal?  Is jy besig om saam met God te bou aan ‘n beter wêreld?  As jy heeltyd teen goed is, dan gaan daar niks tyd oorbly om vir goed te wees nie... Geen energie om te bou aan ‘n beter wêreld nie.